Downloaded from Stanmorephysics.com



KZN DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

GREENBURY SEKONDÊRE SKOOL

JUNIE EKSAMEN—2019

AFRIKAANS EAT

VRAESTEL 2 : LETTERKUNDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| GRAAD : | 11 | EKSAMINATRISE : | P. RAMJEE |
| PUNTE : | 70 | MODERATRISE: | S. REDDY |
| TYDSDUUR: | 2 UUR | DATUM: | 7 / 06 / 2019 |

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT --------8--------BLADSYE

**INSTRUKSIES:**

1. HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT **2 AFDELINGS**:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A : | POËSIE | [ 35 ] |
   | AFDELING B: | KORTVERHALE | [ 35 ] |

2. BEANTWOORD **AL** DIE VRAE.
3. SKRYF NETJIES EN LEESBAAR.
4. BESTEE 1 UUR AAN ELKE AFDELING.
5. NOMMER JOU ANTWOORD PRESIES SOOS DIE VRAE GENOMMER IS.
6. SKRYF DIE VOORLETTERS VAN JOU ONDERWYSERS BV. **PS. SRP. SRE. ARA. SSU. PR**

BLAAI OM ----BL. 2

**AFDELING A: POËSIE**

**VRAAG EEN : KROKODIL**

**LEES DIE ONDERSTAANDE GEDIG EN BEANTWOORD DIE VRAE DAAROOR.**


*Krokodil*

*Vir Ina Rousseau*

Die krokodil hang
aan sy gemmer oë
van die watervlak
– oë van 'n kat
vertikaal gekeep –
hang aan sy snoet
'n growwe stuk
boomstomp
die romp en pote
dryf roerloos
onder
roofdier
van die water
op wag
vir die wulp
of ekster
die vet kikvors
op die kaaimansblom
die bont rietpadda
met kwikbene

beweeg hy
dan trappel
die stert en pote
'n ligvoetse
onderwaterse ballet
op land
sy maag laag
teen die sand
krink sy hakke
in 'n komieklike
lomp waggel
hy lê in die son
met sy bek oop
met sy antieke
tydlose gryns
om hom klik
en gons insekte
sy lê eenkant
haar eiers slu
in die grond
uitoorlê selfs
die sluwe maraboe
met sy snoeperige
snawel –

opgesnipper
en uitgeknip
gepoleer gepatroon
en fyn gestik
word hy iets ligs
oor 'n vroulike
skouer geglip
maak hy oop
en toe
om allerlei
kleinighede te sluk.



Blaai om------bl. 3

**VRAE**:

1.1 Kies die regte word tussen hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.

In strofe 1 word die krokodil as 'n ( prooi / roofdier ) beskou. 1

1.2 Vul die ontbrekende word in.

Die krokodil se oë word met 'n -------------------------- se oë vergelyk. 1

1.3.1 Noem die **beeldspraak** in versreel 7-8 " 'n growwe stuk boomstomp " 1

1.3.2 Bespreek die beeldspraak. 1

1.4 Noem **twee** van die prooie waarop die krokodil wag. 2

1.5 Haal twee **aparte** woorde uit strofe 1 aan wat na die dele van die krokodil verwys wat onder die water dryf. 2

1.6 Sê waarom die volgende stelling **waar** is. Haal twee opeenvolgende woorde aan as bewys.

Die krokodil het nie oor duisende jare verander nie. 1

1.7 Hoe verskil die krokodil se beweging in die watter in vergelyking met op die land. 2

1.8 Wat word bedoel met die woorde " snoeperige snawel " 1

1.9 Wie is die prooi in strofe 3. Motiveer jou antwoord. 2

1.10 Noem die **rymskema** in die gedig. 1

1.11 Wat is die funksie van die kort versreëls? 1

1.12.1 Hoe voel jy oor mense wat diere doodmaak vir hulle eie behoeftes. 1

1.12.2 Motiveer jou antwoord in 1.12.1. 1

[ 18 ]

Blaai om....bl. 4

**VRAAG TWEE: DIE SNOEK**

**LEES DIE ONDERSTAANDE GEDIG EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.**

*Die snoek*

Ons in die roeiboot, jý
die roeier, sê hoe om te maak
met die handlyn: gee kort rukkies
en as jy een voel, ruk vinnig, hard. Pluk
hom in die boot, gryp
– versigtig vir die tande!
– en druk hom onder jou arm in vas
vir die hoekuithaal
en die nekbreek.

Maar hoe kon ek weet
hy's so vasgebyt aan die lewe
meer nog as aan die hoek?
hy sou veg met sy hele lyf,
sy stert sou swingel
sy kiewe gulp
na waterlug, sy oë
snags sou aanhou staar?

*Nico, Elandsbaai*

**VRAE:**

2.1 Wie is die spreker in die gedig? 1

2.2 Haal een woord aan uit strofe 1 wat daarop aandui dat daar meer as een persoon op die boot is. 1

2.3 Hoekom is die roeier in hierdie boot belangrik? 1

Blaai om------bl. 5

2.4 Waarmee word die vis gevang? 1

2.5 Sê waarom die volgende stelling **waar** is. **Haal** 'n versreël aan as motivering.

Die snoek het gevaarlike , skerp tande. 1

2.6 Watter **twee** aksies word onmiddellik uitgevoer wanneer die vis in die boot gevang word? 2

2.7 Skryf 'n voorbeeld van **elisie** uit strofe 2. 1

2.8 Wat is die funksie van die wit spasie in reël 10? 1

2.9 " sy stert sou swingel "

2.9.1 Noem die **beeldspraak**. 1

2.9.2 Verduidelik die funksie van die beeldspraak. 1

2.10 Wat besef die visserman as hy die oë van die vis onthou? 1

2.11 Haal **een** woord aan wat daarop aadui dat die vis wil lewe en nie tou opgooi nie. 1

2.12 Wat dink jy oor hierdie proses / metode van snoek vangery. Gee 'n rede vir jou antwoord. 2

2.13 Wat is die tema van die gedig? 1

2.14 Waarom sou jy sê dat vissermanne geen keuse het, maar om die snoek te vang nie? 1

**[ 17 ]**

**TOTAAL [ 35 ]**

Blaai om ------bl. 6

**AFDELING B: KORTVERHAAL**

**VRAAG DRIE : VERNEUKKIND**

**LEES DIE ONDERSTAANDE UITTREKSELS EN BEANTWOORD DIE VRAE**

Uitasem hardloop Jessica woonstel toe. Oor haar een skouer hang 'n inkopiesak en oor die ander beur haar skooltas. Haar skoen glip uit. Sy vloek sag, draai hinkepink terug, skud die sand uit, druk haar voet weer in, en hardloop verder.

Kort-kort dwaal haar oë na die grys wolke. Dit voel of hulle vandag sommer hier teenaan haar lyf lê, soos 'n kombers wat die koue weghou terwyl haar gedagtes ompaaie loop. Elke keer as die wolke teen Tafelberg afrol en hulle uitstrek oor die Kaapse vlakte, kom die dink oor 'n belofte in haar los.

'n Belofte van sewe donderslae.

**VRAE:**

3.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.

3.1.1 Die verhaal speel af in:

A] Malalane

B] Elsiesrivier

C] Gauteng

D] Port Elizabeth 1

3.1.2 Ouma kytie was ------------------ met kinders.

A] vriendelik

B] ongeduldig

C] geduldig

D] onbeskof 1

3.2. Hoe voel Jessica oor die aanwesigheid van die wolke? Gee 'n rede vir jou antwoord. 2

3.3 Waarom kan Jessica as bygelowig beskou word? 1

3.4 Noem drie redes waarom Jessica nie gelukkig is waar sy woon nie. 3

Blaai om ------bl. 7

3.5 Sê waarom die volgende stelling **onwaar** is.

Jessica kies vrouens want hulle is suinig. 1

3.6 Noem **een** les wat jy van Jessica geleer het. 1

3.7 Dink jy dat Jessica se ouma die regte ding gedoen het? **Sê ja of nee** en gee 'n rede vir jou antwoord. 1

3.8 Rangskik die sinne in die **regte volgorde**.

A] Sy lieg dat ouma allergies is.

B] Jessica soek die regte vrou.

C] Sy vra om brood te koop.

D] Sy gaan huis toe met die dinge wat sy eintlik wil hê. 4

3.9 Verduidelik die **dubbele betekenis** van " verneukkind " 2

[ 17 ]

**VRAAG VIER : PADKAMP**

**LEES DIE ONDERSTAANDE UITTREKSELS EN BEANTWOORD DIE VRAE WAT VOLG.**

Daar word buite gedans, op 'n sementblad waar vroeër 'n tennisbaan was. Dit is 'n soel nag onder 'n suising van sterre en Antjie verbeel haar dat sy lemoenbloeisels ruik waar sy in die donker langs die dansbaan staan.

Ineens voel dit asof iets besig is om haar in te katrol. Met die opkyk is dit reg in Skeelkoos Willemse se goeie oog in. Hy beduie dat hy na haar toe kom. Verskrik staan sy terug in die donker, net om te voel hoe twee sterk arms haar vasvat.

Sy lag van verligting toe sy sien dat dit Ryno is. Hy lei haar na die dansbaan, maar van pure verleentheid bly sy oor haar eie voete val. Sy kan nie glo dat dans so moeilik kan wees nie! Sy het dan gedroom dat sy in Ryno se arms eenvoudig sal wegsweef. So lig soos 'n donsie.

Voor sy 'n te groot *fool* van haarself kan maak, kom red oom Boy haar. Hy tik Ryno op die skouer en met 'n stywe buiginkie lei hy vir Antjie weg. "Ek sal jou leer *two step* voor jy kan sê grote Gotlieb Gouws. Ek was nie verniet dansinstrukteur by Arthur Murray nie!"

Blaai om -----bl. 8

4.1 Wie is die protagonis in die verhaal? bl. 8 1

4.2 Hoekom is Antjie se ma kwaad oor haar vakansieplanne? 1

4.3 Kies die regte woord tussen hakies.

Antjie se pa bly in n **( tent / rondawel )** 1

4.4 Watter werk doen Antjie se pa by die padkamp. 1

4.5.1 Oor wie word Antjie gewaarsku? 1

4.5.2 Gee n rede waarom sy oor hierdie person gewaarsku word. 1

4.6 Hoekom sou n mens dink dat oom Boy ant Molly se pa is? 1

4.7 Watter kaart speletjie speel hulle op Saterdagaande? 1

4.8 Waarom is die dans so spesiaal? 1

4.9 Dink jy dat Antjie vir Ryno aan die begin van die verhaal as n held beskou? **Se ja of nee**. Gee n rede vir jou antwoord. 1

4.10 Hoe het Antjie gevoel toe sy haar pa met ant Molly gesien het op die dag van die dans? 1

14.11

> " Ek het jou pa belowe dat ek jou sal uitlos tot jy groot is, " roep Ryno bokant die tikke-tik van die wiele, maar Antjie gee geen teken dat sy gehoor het nie.

4.11.1 Hoekom dink jy se Ryno die bogenoemde woorde? 1

4.11.2 Haal n **sinsdeel** aan wat daarop aandui dat Antjie hom wil laat verstaan dat sy seergemaak voel. 1

4.12 Pas kolom A by kolom B. Skryf net die nommer en die korrekte letter neer. 5

| A | B |
|---|---|
| 4.12.1 grimering | A] Ryno dans met haar |
| 4.12.2 donkerkop | B] Dansinstrukteur |
| 4.12.3 Ghwarre | C] Antjie se pa soen ant Molly |
| 4.12.4 oom Boy | D] n geskenk van ant Molly |
| 4.12.5 Klimaks | E ] mense wat ru,onverfynd en ongemanierd is |

18

**TOTAAL [ 35]**

**GROOTTOTAAL: [ 70 ]**

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D MRS R PANDAY

Downloaded from Stanmorephysics.com

# Memorandum – Graad 11 – Junie – 2019
## Vraestel 2

### Vraag 1 : Krokodil

1.1. roofdier. ✓

1.2 Kat ✓

1.3.1 metafoor ✓

1.3.2. Die Krokodil sy lyf wat op die water dryf, lyk soos 'n boomstomp. ✓✓

2 1.4. wulp | ekster | kikvors | bont rietpadda
enige 2

2 1.5. "romp" "pote" ✓✓

1.6. "antieke tydlose" ✓

2 1.7. In die water is hy baie grasieus maar op land is hy lomp. ✓✓

1.8. Die maraboe is baie lief vir lekkernye / eet, Die maraboe is suinig | gulsig | deel nie graag nie ✓

2 1.9. Die Krokodil – dit word doodgemaak vir sy vel | pels ✓✓

1.10. vryevers ✓

1.11. elke woord word beklemtoon en dit versnel die ritme / tempo ✓

1.12.1. leerders se eie antwoorde ✓

1.12.2. leerders se eie antwoorde ✓

(18)

# Vraag 2: Die Snoek

2.1 ŉ visserman ✓
2.2 "ons" ✓
2.3. Hy dra kennis oor visvang aan die minder ervare vissers oor //
Hy gee die instruksies oor hoe die snoek gevang moet word. ✓
2.4 "ŉ handlyn" ✓
2.5 "– versigtig vir die tande!" ✓
2 2.6. die hoek word uitgehaal en nek gebreek / "hoekuithaal en die nekbr //
2.7. "hy's" ✓
2.8. Dit dui op tydsverloop. Die visserman is nie meer op die boot nie maar by die huis. ✓
2.9.1 alliterasie ✓
2.9.2 dit versterk die aksie van die spartelende vis. // beklemtoon hoe die snoek spartel en beweeg. ✓
2.10. Hy besef dat die snoek ook wil bly lewe // Die snoek het die reg om te lewe. ✓
2.11. "vasgebyt" ✓
2 2.12. Dis wreed / sleg / gewelddadig / nie goed nie. ✓
Die snoek se nek word gebreek. ✓
2.13. Die snoek het ook die reg om te lewe. ✓
Die worsteling van die visserman wat die snoek op ŉ wrede manier moet doodmaak as ŉ bron van inkoms ✓
2.14. Dis sy bron van kos / inkomste.

Vraag 3 : Verneuk Kind

3.1.1. B - Elsiesrivier ✓
3.1.2. B - ongeduldig ✓
2 3.2 opgewonde ✓ - Sy hoop die wolke bring donderweer en as die donderweer sewe keer slaan, sal haar ma huis toe kom ✓
3.3. Sy glo dat as die donderweer sewe keer slaan, sal haar ma huis toe kom
3 3.4. Hulle het "drankgatbene", sy mis haar ma / haar ouma is moeilik, ongeduldig
" sy moet bedel, sy slaap op 'n matras ✓✓✓
enige 3
3.5. Hulle is sagter en vrygewig / Hulle gee meer ✓
3.6. Wees altyd positief / Moenie tou opgooi nie / Glo in jouself / Moenie hoop verloor nie ✓
leerders se antwoorde.
3.7 Nee, sy het gelieg / Sy het Jessica gebruik - leerders se antwoord
Ja → hulle sou aan honger gely het as sy nie gebedel het nie ✓
leerders se antwoorde.
4 3.8. B, C, A, D ✓✓✓✓
2 3.9. → dit verwys na Jessica wat moontlik 'n buite-egtelike kind is.
→ verwys na hoe Jessica mense verkul het toe sy gebedel het
→ Kind wat ander mense kul
→ Kind wat deur ander gekul / verneuk word. ✓✓
enige 2 (17)

17

## Vraag 4 : Padkamp

4.1 Antjie ✓

4.2. ń Padkamp is nie ń plek vir ń meisiekind nie / Dis gevaarlik daar ✓

4.3 rondawel ✓

4.4 Hy is ń lorriebestuurder / vragmotorbestuurder ✓

4.5.1. Skeelkoos Willemse ✓

4.5.2. Hy is slegte nuus / gevaarlik / ✓

4.6.2 Hy lyk baie oud / gesig is vol plooie terwyl ant Molly jonger lyk. ✓

4.7. bridge ✓

4.8. mense kom van orals / die Orkes kom uit Komatipoort / dit word orals geadverteer want dis ń jaarlikse geleentheid. ✓

4.9. leerders se eie antwoorde. ✓

4.10. verbyster / geskok / verwar / deurmekaar dronkgeslaan / verbaas. ✓

4.11.1 Hy probeer verduidelik hoekom hy sy afstand van haar gehou het ✓

4.11.2 "gee geen teken dat sy gehoor het nie ✓

4.12.1 D ✓

4.12.2 A ✓

4.12.3 E ✓

4.12.4 B ✓

4.12.5 C ✓

(18)